

Graan SA Oggend Markkommentaar

Wessel Lemmer en Luzelle Botha

GRAAN SA	DATUM	DATUM			+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE			+ - JAAR GELEDE		
	2014/10/31	2014/10/30			2014/10/21		2014/09/30			2013/10/29		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data		
DJIA-indeks	17195	221.11	1.3%	16974	3%	16615	1%	17043	10%	15569		
Goud (Spot)	1194.75	-5.50	-0.5%	1200.25	-4%	1247.83	-1%	1205.99	12%	1352.87		
Brent \$/vat	85.90	-0.85	-1.0%	86.75	-1%	86.39	-10%	95.08	22%	109.50		
1 €: ? US\$	1.2582	0.000	0.0%	1.2584	-1%	1.2726	0%	1.2623	-9%	1.3777		
1 US\$: ? ZAR	10.89	-0.082	-0.7%	10.97	-1%	11.04	-4%	11.32	10%	9.86		
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 604.13	-26	-1.6%	R 1 630.26	* CBOT Dec sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Corn Dec 12:00 die vorige dag							
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 127.56	-98	-2.3%	R 4 225.19	* CBOT Nov sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Soya Nov 12:00 die vorige dag							
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 152.29	-36	-1.7%	R 2 188.68	* CBOT Dec sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Dec Wheat 12:00 die vorige dag							
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)												
Corn Dec 14	374.25	-3.25	-0.9%	377.50	5%	356.00	17%	320.75	21%	475.00		
Corn Jul 15	402.50	-2.75	-0.7%	405.25	4%	385.50	15%	349.50	18%	491.75		
Soybean Nov 14	1031.75	-16.50	-1.6%	1048.25	7%	964.25	13%	913.25	11%	1164.00		
Soybean May 15	1048.75	-17.25	-1.6%	1066.00	6%	987.00	12%	938.00	11%	1174.00		
Wheat Dec 14	538.00	-5.00	-0.9%	543.00	4%	519.25	13%	477.75	24%	707.50		
Jongste MTM-pryse (Aangeteken tussen 07:00 vm - 08:00 vm op die jongste twee datums) SPOT = naaste kontrakmaand												
SORGHUM Dec 14	2460	0	0.0%	2460	0%	2460	-1%	2480	29%	3450		
WMAZ SPOT	1927	15	0.8%	1912	0%	1922	9%	1761	18%	2355		
WMAZ Dec 14	1931	14	0.7%	1917	0%	1935	8%	1788	19%	2380		
WMAZ Jul 15	1969	9	0.5%	1960	1%	1945	5%	1871	2%	2018		
YMAZ SPOT	1954	9	0.5%	1945	0%	1945	10%	1770	13%	2235		
YMAZ Dec 14	1969	6	0.3%	1963	0%	1977	9%	1814	13%	2255		
YMAZ Jul 15	1999	26	1.3%	1973	2%	1956	6%	1882	1%	1978		
SOY50 SPOT	5485	140	2.6%	5345	7%	5150	7%	5150	6%	5170		
SOY50 Dec 14	5516	130	2.4%	5386	6%	5204	6%	5195	NA			
SOY May 15	4730	106	2.3%	4624	6%	4454	5%	4500	-5%	4980		
SUN SPOT	4715	66	1.4%	4649	-2%	4800	6%	4452	-4%	4920		
SUN Dec 14	4770	85	1.8%	4685	-2%	4869	5%	4537	-9%	5261		
SUN May 15	4255	60	1.4%	4195	1%	4215	3%	4127	-8%	4600		
WHEAT Spot 14	3601	6	0.2%	3595	0%	3600	-1%	3626	1%	3568		
WHEAT Dec 14	3642	17	0.5%	3625	0%	3632	-1%	3683	5%	3481		

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VANAF VERSKEIE MARKVERSLAE

BUITEMARKFAKTORE: Die Rand het sedert 12:00 gistermiddag met 0,7% tot R10.89 versterk. CBOT-mieliepryse het met 0,9% tot \$3.74/skepel gedaal. Sojaboonpryse het met 1,6% tot \$10.31/skepel gedaal en koringpryse het met 0,9% tot \$5.38/skepel gedaal. Omdat plaaslike pryse nie teen in- of uitvoerpariteit verhandel nie en plaaslike faktore 'n groter impak op plaaslike pryse het volg pryse nie noodwendig die internasionale prysstygings of dalings direk na nie. Die hoër pryse in die VSA bied vir die afgelope week aan VSA produsente verkoopsgeleenthede vir hul opgebergde sojabone en mielievoorrade. Die verwagting is dat VSA mieliepryse weer druk kan ervaar voordat die oesperiode finaal verby is. Kommer oor droë koringproduksietoestande in Rusland en in die VSA koringgordel ondersteun koringpryse. Weerstoestande in Argentinië is droër as normaal en kommer begin toeneem oor die land se nuwe seisoen sojaboonproduksie. **Nuwe RSA seisoen vraag en aanbodprojeksies:** Mielies: Ons projeksies vir nuwe seisoen opbrengste is op 'n totale mielie-opbrengs van 4,67 ton per hektaar gebaseer. Dit is ongeveer 15% laer as die rekord nasionale opbrengs van 5,32 ton/ha. Dit is nie onmoontlik nie maar dalk onwaarskynlik dat ons vanjaar dieselfde produksietoestande as die vorige rekordjaar gaan beleef. Gegewe die voorgenome aanplantings van 2,6 miljoen hektaar behoort produksie 12.1 miljoen ton te beloop. Met 'n konserwatiewe vroeë leweringsyfer van 380 000 ton (Vir Maart/April 2016) en 'n beginvoorraad van 2 miljoen ton behoort die totale kommersiële aanbod 13,6 miljoen ton te beloop. Dit is 794 000 ton of 5,5% laer as 'n jaar gelede. Die totale kommersiële verbruik word as 10,2 miljoen ton geneem wat met huidige bemarkingsjaar se beraming ooreenstem. Ons is optimisties oor uitvoere vir 2015/16 (Mei/Apr) en gebruik 'n syfer van 1,955 miljoen ton wat ooreenstem met ons projeksie vir vanjaar (2014/15) van 1,96 miljoen ton. Ons het in die 2013/14 bemarkingsjaar 2,233 miljoen ton uitgevoer. Die totale kommersiële vraag kan dus 12,3 miljoen ton beloop wat met vanjaar se vraag ooreenstem. Die eindvoorraad teen 30 April 2016 kan 1,25 miljoen ton beloop teenoor vanjaar se 2 miljoen ton teen einde April 2015. Die eindvoorraadvlak kan dus met 800 000 ton daal wat 'n surplus bo die pyplyn van 42 000 ton laat (Einde April 2016). Die huidige surplus bo die pyplyn van 835 000 ton (Einde April 2015) is dus nie so groot nie. Twee belangrike syfers om dus in gedagte te hou vir die komende bemarkingsjaar (Mei 2015/ Apr 2016) is die 4,67 ton nasionale gemiddelde opbrengs wat ons gebruik en heelmielie uitvoere van 2 miljoen ton. Enige onseker weerstoestande wat kan meebring dat die nasionale gemiddelde mielie-opbrengs minder as 4,67 ton/ha gaan wees sal saam met verwagte uitvoere van ten minste 2 miljoen ton pryse baie goed ondersteun. Hou in gedagte dat 'n toename in opgebergde mielieverkope vir die betaling van produksiemiddele teen byvoorbeeld einde Desember kan meebring dat pryse teen einde Desember onder druk kan kom. Indien mielies vir die doel verkoop moet word sou dit dalk wys wees om nie te laat te wag nie. Let ook op ons projeksies vir sorghum, sojabone en sonneblomsaad op ons webblad. **Bronne:** Graan SA, SAGIS, OANDA, USDA, Fin24, JSE, CME, Arlan Suderman, Eric Leese, John Roach.

Let asb die volgende:

Internasionale markverslae:

[USDA Crop progress](#)

Plaaslike markverslae:

[Besoeek ww.grainsa.co.za vir ons jongste vraag en aanbodprojeksies](#)

Navrae: Wessel Lemmer, Epos: wessel@grainsa.co.za